



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**Direktoraat: Kurrikulum VOO**

---

# **TELEMATIESE ONDERRIG 2018**

## **REKENINGKUNDE Graad 12**

Liewe Graad 12 Rekeningkunde-leerder

Welkom by die Telematiese onderrigprojek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun ter voorbereiding vir jou finale Graad 12 Rekeningkunde-eksamen. Dit bied jou ook 'n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, vas te lê. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon. Die aanbieders sal nie al die onderwerpe dek nie – hulle sal wel op belangrike aspekte van die onderwerpe in die leerplan fokus ten einde jou begrip daarvan te verbeter.

**Om Rekeningkunde te slaag moet jy op die volgende aspekte let:**

- Begin werk van die eerste dag af
- Let noukeurig op in die klas om seker te maak dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge ELKE dag. OEFEN...OEFEN...OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees die instruksies by vrae/aktiwiteite deeglik en maak seker dat jy verstaan wat gevra word
- Voltooi take, assesseringsaktiwiteite en toetse met toewyding asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Gebruik vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Gebruik jou voorbereidingstyd doelgerig: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou swakker areas sal versterk. Gebruik die tydoekenings in elke vraag om te bepaal of jy dié vraag in die beskikbare tyd kan voltooi.

Alles van die beste met jou Graad 12-skooljaar. Hou jou oog op jou einddoel - om Rekeningkunde te slaag!

Mev Elmaree Eksteen

Senior Kurrikulumbepanner: Rekeningkunde

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12 2018**

| <b>Datum</b>                             | <b>Onderwerp</b>   | <b>Hierdie les sal die volgende dek:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|------------------------------------------|--------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Dinsdag<br>13 Februarie<br>15:00 – 16:00 | <b>Maatskappye</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Transaksies uniek aan maatskappye in die Algemene Grootboek:               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Uitreik van aandele</li> <li>○ Terugkoop van aandele</li> <li>○ Voorlopige belastingbetalings en finale inkomstebelasting</li> <li>○ Tussentydse en finale dividende</li> </ul> </li> <li>▪ Voorbereiding van finale rekeninge</li> </ul> |
| Dinsdag<br>20 Februarie<br>16:00 – 17:00 | <b>Maatskappye</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Opstel van die Inkomstestaat</li> <li>▪ Opstel van die Balansstaat en notas</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                        |
| Woensdag<br>7 Maart<br>15:00 – 16:00     | <b>Maatskappye</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die doel vir die opstel van 'n Kontantvloeistaat</li> <li>▪ Waar om inligting te vind om die Kontantvloeistaat op te stel</li> <li>▪ Drie soorte aktiwiteite wat in die Kontantvloeistaat verskyn</li> <li>▪ Voltooiing van dele van 'n Kontantvloeistaat</li> <li>▪ Hoe om die inligting in 'n Kontantvloeistaat te gebruik</li> </ul>                       |

**TELEMATIESE ONDERRIG 2018****OORSIG VAN MAATSKAPPYE**

|   |                                                                                                                                                                                                                                                                | <b>Jy moet die volgende kan doen</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                           | <b>Belangrike aspekte om te onthou:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
|---|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| A | Transaksies uniek aan maatskappye <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Uitreik van aandele teen uitreikprys</li> <li>▪ Terugkoop van aandele</li> <li>▪ Inkomstebelasting</li> <li>▪ Dividende</li> <li>▪ Direkteursfooie</li> <li>▪ Ouditfooie</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Optekening van transaksies in die joernale</li> <li>▪ Opstel van grootboekrekeninge</li> <li>▪ Die gebruik van inligting om die finansiële state op te stel</li> </ul>                                                                                                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Ken die verskil tussen gemagtigde en uitgereikte aandeelkapitaal</li> <li>▪ Weet hoe om die gemiddelde aandeelprys te bereken</li> </ul>                                                                                                                                                                        |
|   | Ander transaksies <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aankoop van vaste bates</li> <li>▪ Verkoop van vaste bates</li> </ul>                                                                                                                               | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Berekening en optekening van waardevermindering</li> <li>▪ Opstel van bateverkope-rekening</li> <li>▪ Opstel van vaste bate-nota</li> <li>▪ Gepaste optekening in Kontantvloeistaat</li> </ul>                                                                                        | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Ken die vaste bate-nota se formaat</li> <li>▪ Weet hoe om die bateverkope-rekening op te stel</li> </ul>                                                                                                                                                                                                        |
| B | Opstel van finale rekeninge en finansiële state <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verdelingsrekening</li> <li>▪ Inkomstestaar</li> <li>▪ Balansstaat met notas</li> <li>▪ Kontantvloeistaat</li> </ul>                                                  | Opstel van 'n: <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verdelingsrekening</li> <li>▪ Inkomstestaar met aansuiweringe</li> <li>▪ Balansstaat</li> <li>▪ Notas tot die Balansstaat (vaste bates, handels- en ander ontvangbare bedrae, gewone aandeelkapitaal, behoue inkomste, handels- en ander betaalbare bedrae)</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Ken die formate</li> <li>▪ Toon al jou bewerkings</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                    |
| C | Ontleding en vertolking van finansiële state                                                                                                                                                                                                                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Bereken finansiële aanwysers</li> <li>▪ Ontleed en vertolk finansiële aanwysers <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Vergelyk oor 2 jaar</li> <li>○ Vergelyk finansiële aanwysers van 2 maatskappye.</li> </ul> </li> </ul>                                                       | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verstaan watter finansiële aanwysers gebruik word om watter aspek te vertolk</li> <li>▪ Wanneer finansiële aanwysers ontleed word, onthou om die aanwyser(s) aan te haal, die werklike syfers/persentasie/verhouding van beide jare/beide maatskappye te noem en te verduidelik (volgens die vraag).</li> </ul> |
| D | Ouditverslae                                                                                                                                                                                                                                                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Ontleed ouditverslae</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                       | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verstaan die soorte ouditverslae (ongekwalifiseerd, gekwalifiseerd, weerhouding van mening)</li> <li>▪ Verstaan die verskil tussen 'n interne en 'n onafhanklike ouditeur</li> </ul>                                                                                                                            |

## ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

| Vrae deur gebruikers van finansiële state gevra |                                                                                               | Kategorie                              | Finansiële aanwysers                                                        | Hoe om te bereken                                                         |
|-------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------|
| 1                                               | Is die maatskappy doeltreffend in sy gewone bedryfs-aktiwiteite?                              | Winsgewendheid                         | Winsopslag % OF<br>% Bruto wins op koste van verkope                        | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
|                                                 |                                                                                               |                                        | % Bruto wins op verkope                                                     |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | % Bedryfsuitgawes op verkope                                                |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | % Bedryfswins op verkope                                                    |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | % Netto wins na belasting op verkope                                        |                                                                           |
| 2                                               | Kan die maatskappy al sy skuld met gemak vereffen?                                            | Solvensie                              | Solvensie-verhouding                                                        |                                                                           |
| 3                                               | Kan die maatskappy sy korttermyn / onmiddellike skuld met gemak vereffen?                     | Likiditeit                             | Bedryfsverhouding                                                           |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Vuurproefverhouding                                                         |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Voorraad omsetsnelheid                                                      |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Voorraadhouingstydperk / Tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn                                     |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Gemiddelde krediteure-betalingstermyn                                       |                                                                           |
| 4                                               | Verdien aandeelhouders 'n redelike bedrag in terme van hul belegging in aandele?              | Opbrengs                               | % Opbrengs op aandeelhouversekwiteit (OOAE)                                 |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Verdienste per aandeel (VPA)                                                |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Dividende per aandeel (DPA)                                                 |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | Netto batewaarde per aandeel (NBW)                                          |                                                                           |
| 5                                               | Tot watter mate word die maatskappy deur lenings gefinansier in vergelyking met eie kapitaal? | Finansiële risiko/ hefboomfinansiering | Skuld-ekwiteitverhouding / Skuld-eienaarsbelangverhouding                   |                                                                           |
|                                                 |                                                                                               |                                        | % Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)                             |                                                                           |

**AKTIWITEIT 1      Maatskappygrootboekrekeninge, Notas tot finansiële state****KONSEPTE**

- 1.1      Gee EEN konsep vir elke stelling deur 'n konsep uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die konsep langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

bedryfswins; vooruitbetaalde uitgawe; bedryfskapitaal; uitgereikte aandelekapitaal; finansiële bate; direkteursverslag; kontant en kontantekwivalente; opgelope uitgawe; uitgereikte aandelekapitaal; ouditverslag

- 1.1.1      Die totale verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste.
- 1.1.2      Die gepubliseerde uiteensetting van 'n maatskappy se aktiwiteite en toekomsplanne.
- 1.1.3      'n Vaste deposito wat nie in die volgende finansiële jaar sal verval nie.
- 1.1.4      Die telefoonrekening wat eers in die volgende finansiële jaar betaal sal word.
- 1.1.5      Dit dui die opinie oor die geloofwaardigheid van die finansiële state aan.
- 1.1.6      Die totale aantal aandele wat in die Memorandum van Inlywing geregistreer is.

**GROOTBOEKREKENINGE; NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**

Die gegewe inligting het betrekking op Echo Winkels Bpk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017.

Die maatskappy is geregistreer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 aandele. 600 000 van hierdie aandele was reeds uitgereik teen 1 Maart 2016, die begin van die huidige finansiële jaar.

**GEVRA:**

- 1.2      Stel die volgende grootboekrekeninge op:
- Gewone aandelekapitaal
  - Behoue inkomste
  - SAID (inkomstebelasting)
  - Gewone aandele-dividende
  - Verdelingsrekening
- Sluit al hierdie rekeninge korrek af aan die einde van die jaar.
- 1.3      Stel die volgende notas tot die finansiële state op 28 Februarie 2017 op:
- Gewone aandelekapitaal
  - Behoue inkomste

**INLIGTING:**

A. Saldo's in die grootboek op:

|                          | <b>28 Februarie 2017</b> | <b>28 Februarie 2016</b> |
|--------------------------|--------------------------|--------------------------|
|                          | <b>R</b>                 | <b>R</b>                 |
| Gewone aandelekapitaal   | ?                        | 2 100 000                |
| Behoue inkomste          | ?                        | 737 100                  |
| SAID (inkomstebelasting) | 5 000 (dt)               | 8 500 (kt)               |

B. **Inkomstebelasting**

- Op 5 Maart 2016 is die bedrag verskuldig aan SAID per tjek betaal.
- Voorlopige inkomstebelasting vir die jaar is aan SAID in twee gelyke paaielemente op 1 September 2016 en 24 Februarie 2017 onderskeidelik betaal.
- Inkomstebelasting vir die finansiële jaar beloop 30% van die netto wins voor belasting.

C. **Aandele**

- Op 31 Augustus 2016 is alle onuitgereikte aandele teen 500 sent per aandeel uitgereik.
- Op 30 November 2016 het die direkteure 120 000 aandele teen 620 sent per aandeel van 'n afgetrede aandeelhouer teruggekoop. Hierdie aandeelhouer het oorspronklik sy aandele die afgelope paar jaar op die JSE op verskillende tye teen verskillende pryse angekoop.

D. **Dividende**

- Op 31 Augustus 2016 is tussentydse aandele van 25 sent per aandeel aan aandeelhouders betaal. Die nuwe aandele kwalifiseer nie vir tussentydse dividende nie. (sien C hierbo)
- 'n Finale dividend van 42 sent per aandeel is op 28 Februarie 2017 verklaar. Slegs aandeelhouders wat op rekord is, sal finale dividende ontvang.

E. Die maatskappy het 'n netto wins voor belasting van R1 475 000 vir die finansiële jaar getoon.

**AKTIWITEIT 2    Maatskappytransaksies**

Die SAID (inkomstebelasting)-rekening van Springs Bpk. is opgestel vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2016.

**GEVRA:**

- 2.1      Verskaf 'n rede vir die debietinskrywing op 25 Maart 2015.
- 2.2      Gee 'n moontlike transaksie vir die debietinskrywing op 31 Augustus 2015.
- 2.3      Wat is die totale inkomstebelasting-uitgawe van Springs Bpk. vir die huidige finansiële jaar?
- 2.4      Bereken die saldo van SAID (inkomstebelasting) op 28 Februarie 2016. Toon jou bewerkings.
- 2.5      Verwys na die saldo bereken in Vraag 2.4 hierbo. Dui aan of hierdie saldo 'n bedryfsbate of 'n bedryfslas is. Verskaf 'n rede vir jou keuse.
- 2.6      Toon die effek op die rekeningkundige vergelyking van die transaksies op 28 Februarie 2016 vir R55 000 en R75 500. Voltooi die tabel in die antwoordeboek. (Aanvaar dat die banksaldo positief is)

**INLIGTING:**

| ALGEMENE GROOTBOEK VAN SPRINGS BPK |    |                          |        |               |    |                   |        |
|------------------------------------|----|--------------------------|--------|---------------|----|-------------------|--------|
| BALANSSTAATAFDELING                |    |                          |        |               |    |                   |        |
| Dt                                 |    | SAID (inkomstebelasting) |        |               |    | Kt                |        |
| 2015<br>Maart                      | 25 | Bank                     | 12 000 | 2015<br>Maart | 1  | Saldo             | 12 000 |
| 2015<br>Aug                        | 31 | Bank                     | 30 000 | 2016<br>Feb   | 28 | Inkomstebelasting | 75 500 |
| 2016<br>Feb                        | 27 | Bank                     | 55 000 |               |    |                   |        |
|                                    |    |                          |        |               |    |                   |        |

|                                              |  |
|----------------------------------------------|--|
| Die doel vir die opstel van 'n Inkomstestaat |  |
| Die doel vir die opstel van 'n Balansstaat   |  |



*Figuur 1  
Skandeer dié QR  
kode vir die formate  
van finansiële state*

**AKTIWITEIT 3      Maatskappy-inkomstestaat**

Die inligting hieronder is van toepassing op Alex Bpk. Die maatskappy verkoop kleren en lewer kleremaak- en versteldienste aan klante. Hul finansiële jaar eindig elke jaar op 30 Junie.

**GEVRA:****3.1      Verwys na Inligting B:**

Bereken die volgende met betrekking tot die verkoopte voertuig:

3.1.1      Kosprys

3.1.2      Opgehoopte waardevermindering

3.1.3      Drawaarde

3.2      Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 30 Junie 2017.

3.3      Voltooi die Vaste bate-nota tot die finansiële state op 30 Junie 2017.

**INLIGTING:****A.      Uittreksel uit die Voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2017**

| <b>Balansstaatrekeninge-afdeling</b>         | <b>R</b>   |
|----------------------------------------------|------------|
| Grond en Geboue                              | 10 200 000 |
| Voertuie                                     | 810 000    |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie    | ?          |
| Verbandlening: Kay Bank                      | 652 000    |
| Handelsvoorraad                              | 325 000    |
| <b>Nominale rekeninge-afdeling</b>           |            |
| Verkope                                      | 2 892 200  |
| Koste van verkope                            | 1 492 200  |
| Debiteure-afslag                             | 52 000     |
| Fooi-inkomste (kleremaak- en versteldienste) | 145 400    |
| Rente inkomste                               | 3 500      |
| Huur inkomste                                | 172 500    |
| Salarisse en lone                            | 288 050    |
| Ouditfooie                                   | 50 000     |
| Direkteursfooie                              | 375 000    |
| Verbruiksgoedere                             | 104 700    |
| Bankkoste                                    | 6 720      |
| Wins met verkoop van bate                    | ?          |

**B. Aansuiweringe en addisionele inligting:****1. Vaste bates**

Saldo's op 1 Julie 2016:

|                                           |            |
|-------------------------------------------|------------|
| Grond en Geboue                           | 11 000 000 |
| Voertuie                                  | 900 000    |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | 387 600    |

- 'n Voertuig, gekoop op 1 Julie 2015, is kontant verkoop teen 'n wins van R5 000 op 31 Desember 2016.
  - 'n Nuwe voertuig is vir R200 000 op 30 Junie 2017 aangekoop.
  - Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode afgeskryf.
2. 'n Kredietnota vir R900 is op 28 Junie 2017 uitgereik aan debiteur, B. Jones, vir swak versteldienste aan haar gelewer. Die transaksie is nie aangeteken nie.
  3. Die huurder skuld nog Junie 2017 se huurgeld. Huur is met R1 500 per maand op 1 Januarie 2017 verhoog.
  4. Ouditfooie van R23 000 is nog betaalbaar aan die ouditeure nadat hul verslag ontvang is.
  5. Die fisiese voorraadopname op 30 Junie 2017 toon die volgende voorhande:
    - Handelsvoorraad, R315 000
    - Verbruiksgoedere, R4 000
  6. 'n Werknemer wat onlangs bedank het, is foutiewelik in die Salarisjoernaal vir Junie 2017 ingesluit. Besonderhede op haar betaalstrokie is:

|                  |        |
|------------------|--------|
| Netto salaris    | 18 375 |
| Aftrekkings: LBS | 4 500  |
| Pensioen         | 1 875  |
| WVF              | 250    |

Die maatskappy dra soos volg by:

- Pensioenfonds: 10% van die bruto salaris
- WVF: Rand-vir-rand basis

**LET WEL:** Salarisse en Lone is met hierdie bydraes gedebiteer.

7. Besonderhede op die leningstaat wat op 30 Junie 2017 van Kay Bank ontvang is:

|                                     |         |
|-------------------------------------|---------|
| Saldo op 1 Julie 2016               | 665 000 |
| Betalings gedurende die jaar gemaak | 103 200 |
| Saldo op 30 Junie 2017              | 652 000 |

- Die rente vir die jaar moet gekapitaliseer word.
  - 'n Kapitaalbedrag van R50 000 sal in die volgende finansiële jaar op die lening afbetaal word.
8. Inkomstebelasting vir die jaar is bereken op 30% van die netto wins voor belasting.

**AKTIWITEIT 4      Vaste bates, Balansstaat**

Die inligting hieronder het betrekking op Bayview Bpk. Hul finansiële jaar het op 28 Februarie 2017 geëindig.

**GEVRA:****4.1      Verwys na Inligting B**

Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** tot **(e)**.

**4.2      Voltooi die Balansstaat (Staat van Finansiële posisie) op 28 Februarie 2017.**  
 Toon bewerkings tussen hakies.

**INLIGTING:****A.      Bedrae geneem uit die boeke op 28 Februarie 2017:**

| <b>Balansstaatrekening-afdeling</b>                          | <b>R</b> |
|--------------------------------------------------------------|----------|
| Gewone aandelekapitaal                                       | ?        |
| Behoue inkomste (28 Februarie 2017)                          | 420 000  |
| Vaste bates (drawaarde)                                      | ?        |
| Lening van JB Bank                                           | 384 000  |
| Handelsvoorraad                                              | 406 000  |
| Verbruiksgoedere voorhande                                   | 2 880    |
| Netto handelsdebiteure                                       | 67 200   |
| Vaste deposito: LZ Bank                                      | ?        |
| Bank (gunstig)                                               | ?        |
| SAID (inkomstebelasting) (voorlopige betalings)              | 209 000  |
| Krediteurekontrole                                           | 219 000  |
| <b>Nominale rekening-afdeling (voor-aansuiweringsbedrae)</b> |          |
| Versekering                                                  | 30 200   |
| Huur inkomste                                                | 108 450  |
| Elektrisiteit                                                | 42 000   |

**B.      Vaste bates:**

|                                  | <b>GROND EN<br/>GEBOU</b> | <b>VOERTUIG</b> | <b>TOERUSTING</b> | <b>TOTAAL</b> |
|----------------------------------|---------------------------|-----------------|-------------------|---------------|
| Kosprys                          |                           | 350 000         | 460 000           |               |
| Opgehoopte<br>waardevermindering |                           | (315 000)       |                   |               |
| Drawaarde (1/3/2016)             | <b>(a)</b>                | 35 000          |                   |               |
| Bewegings:                       |                           |                 |                   |               |
| Toevoegings                      | 325 000                   | 422 550         | 0                 |               |
| Vervreemdings                    |                           | 0               | <b>(d)</b>        |               |
| Waardevermindering               |                           | <b>(b)</b>      | (13 766)          |               |
| Drawaarde (28/2/2017)            | 2 550 000                 | <b>(c)</b>      | 50 994            | <b>(e)</b>    |
| Kosprys                          |                           |                 | 340 000           |               |
| Opgehoopte<br>waardevermindering |                           |                 |                   |               |

- Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op kosprys bereken.
- Die maatskappy het twee voertuie op 28 Februarie 2017. Een van hierdie voertuie is op 1 September 2016 aangekoop.
- Uittreksel uit die Vastebateregister ten opsigte van toerusting verkoop:

|                                                                     |                |                            |                             |
|---------------------------------------------------------------------|----------------|----------------------------|-----------------------------|
| <b>Yskas (Model F2)</b>                                             |                |                            |                             |
| <b>Datum aangekoop:</b>                                             |                | 1 Maart 2014               |                             |
